higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N4

(4090484)

15 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.

5. Balansstate en inkomstestate moet waar nodig op TWEE teenoorgestelde bladsye gedoen word.

6. Dui eenhede aan waar dit van toepassing is.

7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: DIE BOERDERYBESTUURINLIGTINGSTELSEL

1.1 Jy begin 'n boerderybestuursinligtingstelsel vir die plaas wat jy geërf het aangesien daar tans geen behoorlike inligtingstelsel is nie.

Gee die riglyne wat jy sal gebruik om 'n waarde te plaas op die volgende bates vir die inventaris:

1.1.1 Kommersiële lewende hawe

1.1.2 Graangewasse wat geoes is

1.1.3 Vrugte in die boorde

1.1.4 Grond

1.1.5 Versekerde boomplantasies

1.1.6 Ongebruikte sade

(6 × 2) (12)

1.2 Gee die TWEE basiese oogmerke vir die berekening van depresiasie en die depresiasie van bates. (2 × 2) (4)

1.3 Bespreek DRIE dinge wat die landbouer oor sy/haar boederyonderneming behoort te weet voordat daar besluit word watter aspekte van die boerderybestuursinligtingstelsel in ag moet geneem moet word. (3 × 2) (6)

1.4 Beantwoord die volgende vrae wat gebaseer is op die opstel van 'n inventaris:

1.4.1 Noem TWEE bates wat uitgesluit moet word van 'n inventaris.

1.4.2 Noem TWEE belangrike aspekte om te oorweeg wanneer die inventaris opgestel word.

(2 × 2) (4)

1.5 Die volgende inligting oor 'n trekker wat op die plaas gekoop kan word is beskikbaar:

BESKRYWING	EENHEID
• Koopprys van die trekker	R250 000
• Verwagte nuttige lewe	10 jaar
• Verwagte herwinningswaarde	R20 000

INSTRUKSIES:

Gebruik die afnemendesaldometode om die volgende te bereken, en toon formules en berekeninge aan waar van toepassing.

1.5.1 Die depresiasietempo wat toegepas gaan word. (3)

1.5.2 Die kapitaalherwinning en depresiasie van die trekker vir die eerste twee jaar. (6)

1.5.3 Die boekwaarde (aanvanklike waarde) van die trekker aan die begin van die derde jaar. (4)

Kopiereg voorbehou

1.6 Gee TWEE nadele daarvan om die reguitlyndepresiasiemetode te gebruik.
(2 × 2) (4)

1.7 Dui die maniere aan waarop die aanvangswaarde bepaal kan word met verwysing na die volgende situasies:

1.7.1 Indien die oorspronklike kosprys van die bepaalde bate bekend is.

1.7.2 Indien die oorspronklike kosprys van die bepaalde bate nie bekend is nie.

(2 × 2) (4)

1.8 Noem DRIE sake ten opsigte van personeel waarvan menslikehulpbron-rekords gehou moet word. (3)
[50]

VRAAG 2: PRODUKSIE-EKONOMIEBEGINSELS

2.1 Verduidelik kortliks wat met die volgende terme bedoel word:


2.1.1 'n Produksiefunksie

2.1.2 Marginaliteit


2.1.3 Beskryf die wet van afnemende marginale opbrengs.
(3 × 2) (6)

2.2 'n Voorbeeld van 'n tipiese produksiefunksie is wanneer die opbrengs van 'n produk soos aartappels wissel omdat een inset byvoorbeeld stikstof kan wissel, terwyl die oorblywende insette konstant bly.

Die volgende grafieke toon 'n voorbeeld van hierdie tipe produksiefunksie:



GRAPH 1



GRAPH 2

Bestudeer die grafieke oor produksiefunksies en bespreek die volgende DRIE fases. Dui in elke fase aan of die fase 'Rasioneel' of 'Irrasioneel' is en gee 'n rede vir jou antwoord.

2.2.1 Fase I (8)

2.2.2 Fase II (6)

2.2.3 Fase III (5)

2.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.3.1–2.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.3.1 Marginale koste kan bepaal word deur verandering in totale koste deur die verandering in produksie te deel.

2.3.2 Die marginale produk word bepaal deur die verandering in totale produk deur die verandering in inset te deel.

2.3.3 Die maksimum wins per hektaar kan slegs bereik word wanneer die produksie maksimale potensiaal bereik het.

2.3.4 Die tempo van fisiese substitusie is die verhouding van bykomende inset (X_1) wat nodig is om verskillende produksie met 'n vermindering van 'n ander inset te genereer.

2.3.5 'n Verminderende tempo van substitusie impliseer dat namate die hoeveelheid X_1 toeneem, al hoe meer eenhede van X_2 nodig is om een eenheid van inset X_1 te vervang.

2.3.6 Totale koste is die som van die totale veranderlike koste en totale vaste koste.

2.3.7 Totale veranderlike koste is die produk van inset- en uitsetprys.

Kopiereg voorbehou

2.3.8 Aanvullende produkte word verkry waar 'n verandering in die produksie van een produk geen uitwerking op die produksie van 'n ander een het nie.

2.3.9 Die optimumpunt kom voor waar die bykomende inkomste van 'n bykomende eenheid van 'n uitset nie gelyk is aan die koste verbonde aan sy produksie nie.

2.3.10 Die goedkoopste kombinasie van insette is waar die fisieke substetisietempo van die twee insette gelyk is aan die omgekeerde prys van die insette.

(10 × 1) (10)

2.4 Die tabel hier onder is deel van die produksiefunksie van die kanola-opbrengs tot fosfaattoediening met ALLE ander faktore wat dieselfde bly:

Insetvlak Fosfaattoediening (kg/ha)	**Totale kanola-opbrengs (kg/ha)**
X	**Y**
20	400
40	910
60	1 350
80	1 710
100	1 960

2.4.1 Die gemiddelde produk by insetvlak van 60 kg fosfaat per hektaar (5)

2.4.2 Die marginale opbrengs as die insetvlak van fosfaat toeneem van 40 kg/ha tot 60 kg/ha (6)

2.4.3 Watter ander inligting is nodig (behalwe die produksiefunksie) om te bepaal wat die winsgewendste insetvlak sal wees.

(2 × 2) (4)

[50]

VRAAG 3: DIE BOERDERYBALANSSTAAT

3.1 Die plaas se balansstaat is 'n sistematiese uiteensetting/uitleg van die bates of besittings en laste of rente in die boederyonderneming met hul onderskeie waardes.

Voorsien die korrekte term/woord vir elk van die volgende beskrywings wat met die balansstaat verband hou.

3.1.1 Die hoeveelheid geld wat die boer sal behou as hy/sy al die plaasbates sou verkoop.

3.1.2. Waar die skuld in die boerderyonderneming die waarde van die bates oorskry.

3.1.3 Bates wat in die produksieproses gebruik kan word om ander bates wat verkoop kan word te produseer.

3.1.4 Die wederkeringe verhouding tussen die verskillende soorte bates en laste.

3.1.5 Die skuld van die onderneming plus die waarde van die huurgrond.

(5 × 2) (10)

3.2 Verduidelik kortliks die twee doeleindes om 'n balansstaat in die boerderyonderneming op te stel. (2)

3.3 Verduidelik kortliks waarvoor jy die waarde van die huurgrond sal gebruik met betrekking tot die berekening van 'n vorm van kapitaal. (2)

3.4 Die volgende inligting oor bates en laste word op 31 Desember 2016 gegee.

BESKRYWING	WAARDE (R)
Elektrisiteitsrekening vooruit betaal	6 000
Uitgestelde bonusbetalingsfonds	25 000
Suikerrietplantasie op die grond vir tien jaar	20 000
Veevoer gekoop, maar nie gebruik nie	10 000
Positiewe bankbalans by Standard Bank	35 500
Kantoortoerusting	25 000
Trekkers	130 000
BTW aan boer verskuldig deur ontvanger van inkomste	20 000
Insekdoders in winkel	2 000
Debiteure	6 000
Krale en drade	50 000
Waarde van ekstra grond wat van bure gehuur word	500 000
Grond aangekoop	750 000
Renovering van geboue	15 000
Uitstaande rekening by NTK-koöperasie	3 000
Oortrokke rekening by ABSA	30 000
Balans van verband by ABSA vir grond gekoop	400 000
Balans van 5-jaar koopooreenkoms met Standard Bank	80 000

Bepaal die volgende totale vir die boerdery-onderneming soos hulle op die balansstaat verskyn. Toon ALLE berekeninge in detail.

NOTA: 'n Negatiewe punt sal gegee word vir elke item wat verkeerd ingeskryf is.
WENK: Stel 'n balansstaat op.

3.4.1 Huidige laste (3)

3.4.2 Mediumtermynlaste (2)

3.4.3 Langtermynlaste (2)

3.4.4 Totale skuld (3)

3.4.5	Netto waarde	(3)
3.4.6	Totale laste	(1)
3.4.7	Huidige bates	(7)
3.4.8	Beleggings en ander	(2)
3.4.9	Roerende bates	(4)
3.4.10	Vaste bates	(4)
3.4.11	Totale bates	(2)
3.4.12	Waarde van huurgrond	(1)
3.4.13	Totale kapitaal belê	(2)

[50]

VRAAG 4: DIE BOERDERY-INKOMSTESTAAT

Die volgende inligting en produksiebesonderhede oor 'n sekere landbouer wat met skaap en lusern boer word voorsien vir 'n finansiële jaar.

	R
Huur betaal vir deel van lusernland	20 000
Rente betaal op banklenings	15 000
Terugbetaling op lenings (rente uitgesluit)	10 000
Bale lusern verkoop	160 000
Bale lusern aan skape gevoer	30 000
Brandstofvoorraad aan die begin van die jaar	4 000
Brandstofvoorraad aan die iende van die jaar	2 000
Brandstof gedurende die jaar gekoop	12 000
Ooie op krediet by landbouer gekoop	10 000
Lone van permanente werkers	48 000
Depresiasie op verbetering en toerusting	32 000
Veeartsonkoste en medisyne	20 000
Skaap verkoop, geld nie ontvang nie	130 000
Verkoop van wol aan BKB	30 000
Skape geslag vir huishoudelike gebruik	2 500
Skape geslag vir die werkers	4 000
Onverkoopte wolvoorraad aan die begin van die jaar	30 000
Onverkoopte wolvoorraad aan die einde van die jaar	10 500
Waarde van skape aan die einde van die jaar	270 000
Waarde van skape aan die begin van die jaar	250 000
Onderhoud van voertuie en implemente	35 000
Elektrisiteit	50 000
Bykomende plaasuitgawes	9 000
Waarde van skape wat gesteel is	15 000
Beskermende kleredrag vir werkers	6 000

Kopiereg voorbehou

Bereken die volgende en toon ALLE berekeninge en formules waar toepaslik.

4.1	Die bruto produksiewaarde vir die skaaptak	(10)
4.2	Die bruto produksiewaarde vir die luserntak	(4)
4.3	Die bruto produksiewaarde van die plaas as geheel	(5)
4.4	Die koste van arbeid vir die jaar	(5)
4.5	Die koste van brandstof vir die jaar	(5)
4.6	Die totale produksie-, bemarking- en administrasiekoste vir die jaar	(11)
4.7	Die netto plaasinkomste	(5)
4.8	Die plaaswins	(5)
		[50]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou